

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 28**

**12 Julie 2026**

# Maak God jou eerste prioriteit

**Praktiese voorbereidings**
Terwyl Maria aandagtig na die woorde van lewe geluister het, was Martha besig om ‘n maaltyd vir Jesus en Sy dissipels voor te berei. Dit was nie verkeerd om besorg te wees oor die voorbereidings nie, maar sy was geïriteerd met Maria.

**‘n Liefdevolle vermaning**
Martha vind egter nie net fout met Maria nie, maar ook met Jesus. “Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat dien het nie? Sê dan vir haar dat sy my moet help.” Maar die Here antwoord: Martha, Martha, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge. Maar een ding is nodig, en Maria het die goeie deel gekies wat nie van haar weggeneem sal word nie.” Luk 10:40-42. Martha het ‘n geldige saak gehad, maar Jesus het haar vermaan. Hy het haar houding nie goedgekeur nie en op ‘n sagte, liefdevolle manier geantwoord.

**Wat is regtig belangrik in die lewe?**
Jesus het eintlik gesê: Die een ding wat belangrik is, is om by My te wees en na My woorde te luister. Dit is ‘n oproep om lewensprioriteite te bepaal en te besluit wat regtig belangrik is in die lewe. Eerstens moet die Here altyd ons eerste prioriteit wees – voor enigiets anders. Toe Jesus die huis binnekom, was die eerste ding wat Maria vir Hom gegee het, haar onverdeelde aandag.
Broer Lawrence, die bekende outeur van The Practise of the Presence of God, het gesê: “I have looked on God as the goal and the end of all the thoughts and affections of the soul. I have come to see that my only business is to live as though there were none but He and I in the world, and I have sought only to live for Him”. Joy Davidman, C.S. Lewis se vrou, het gesê: “ We must want God so much that everything else becomes irrevelant.”

**Wat trek jou aandag van Jesus af?**
Om die Here voorkeur te gee, beteken dat ons na Sy stem en Sy woorde luister. Wat doen ons met dit wat ons by die Here hoor? Wat is die naam van jou “kombuis”? Daardie ding wat dalk geldig is, maar jou daarvan weerhou om by Jesus te wees?

**Wat is sulke afleidings?**
Afleiding in Grieks is letterlik “om in alle rigtings getrek te word”.

**Plaas God bo alles**
Ons het almal afgode soos verwagtinge, doelstellings, gemaklike lewenstyle, sport, ens. Afgode is enigiets wat om ons aandag meeding en ons verhinder om God deur Sy Woord te hoor. Jesus het voor baie afleidings te staan gekom en ons sal ook. Maar ons moet net soos Hy vir God bo enige ander prioriteit in ons lewens stel. - Francois Carr -

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.
- Vir die veiligheid van almal wat gaan wegbreek vir 'n vakansie.
- Vir die veiligheid van ons jeug wat tuis bly.
- Vir almal wat swaar kry in hierdie koue tydperk.

## Gebedsversoeke

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Hettie Singleton |
| • Annie Brink | Stefanie Joubert |
| • Johnny Viviers | Juanita Rossouw |
| • Leonie Kruger | Janine Vorster |
| • Jillian Jansen | Wessel Louwrens |
| • Tannie Sannie Wentzel | Duppie du Plessis |
| • Marcel Holtzhausen | Jaap Naudé |
| • Anja Daneels | Madelein Els |
| • Elliana Kotzé | |

## Gedagte vir die week

**We must want God so much that everything else becomes irrelevant.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org